

eish!

Personeelblad van die NWU



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 5 No 3 Mei 2011

NWU borg perspryse

Die Universiteit borg die pryse wat die Nasionale Persklub vir uitnemende joernalistiek toeken. Hier is dr Theuns Eloff, Visekanselier, saam met me Ferial Haffajee van City Press wat as Redakteur van die Jaar 2010 aangewys is. Lees meer hieroor op p8.

Lees binne!

3 Dosente blink uit

4 Fokus op transformasie

9 NWU sing 'n nuwe deuntjie

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Beste kollegas

Met die herfs in volle swang weet ons dat die eerste semester in die pylvak is.

Ek onthou nog hoe ons verlede jaar dié tyd druk besig was om voor te berei om Spanje se sokkerspan by die NWU te verwelkom.

Tydens die onlangse Nuusmaker van die Jaar-aankondigings waarvan die NWU 'n medeborg is, was dit ook lekker om met trots ons bydrae in hierdie verband in herinnering te roep.

In hierdie uitgawe van Eish! kyk ons na alles wat ons in 2011 tot dusver besig gehou het. Lees gerus hoe ons erkenning verleen aan ons akademiese kollegas wat uitmuntend presteer het in die onderrig-leer van NWU-studente oor al drie die kampusse.

Baie geluk aan hierdie kollegas wat Institusionele Toekennings vir Onderrig Uitnemendheid ontvang het en so as voorbeeld vir ons almal dien.

Dit is ook nou reeds meer as 'n jaar sedert ons transformasie-colloquium van April 2010, en teen hierdie agtergrond is dit aangenaam om ons nuwe kollega, dr Ingrid Tufvesson, in hierdie uitgawe van Eish! beter te leer ken.

As Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteitsbestuur gaan sy onder meer

meewerk om te verseker dat die onderskeie transformasiedoelwitte bereik word.

Verder sal sy ook die monitering van vordering met ons transformasiedoelwitte volgens die nege ewe belangrike elemente ondersteun. (Dié elemente is toegang, belyning, gelykheid, toenemende eenheid, kwaliteit, regstelling van ongelykhede, hulpbrontoewysing, studente-ervaring en sukses.)

In hierdie uitgawe word juis oor twee van die ondersteunende transformasie-elemente geskryf, naamlik die opvoedkundige tolkdien wat 'n groot dryfkrag agter die NWU se meertaligheidsbeginsel is, en die nuwe voorgestelde universiteitslied wat juis ten doel het om die Universiteit tot 'n hegte eenheid saam te snoer.

Met hierdie lusmakertjies wens ek u baie sterkte toe met die laaste skof voor die Junie-eksamen.

Ek vertrou dat elkeen van u tydens die winterreses 'n blaaskans sal neem sodat ons almal uitgerus en vol moed die tweede semester tegemoet kan gaan!

Sterkte en seënwense,

Heuns Cloff

Eish! kyk hoe pas ons aan

Ook maar goed die mens is in staat om by verandering aan te pas.

Dié vermoë kom veral handig te pas met die oorgang van die seisoene – ons staan immers tans op die drumpel van die winter en moet ons nou fisies en psigies daarvoor voorberei.

Op p4 kan u in die tweede aflewering van ons nuwe reeks, "Fokus op", meer lees oor hoe die NWU transformeer om tred te hou met eksterne veranderinge.

Behalwe vir transformasie, val die kolling in hierdie uitgawe ook op uitnemendheid.

Op p3 berig ons byvoorbeeld oor die Institusionele Toekennings vir Uitnemendheid in Onderrig wat onlangs aan die topdosente by die NWU oorhandig is.

Steeds in die gees van uitnemendheid, kan u op p5 in die tweede aflewering van nog 'n nuwe reeks lees hoe NWU-kundiges hul kennis in die media en in toesprake deel.

Terwyl die NWU-gemeenskap in die uitvoer van hul daaglikse take voortdurend transformeer en presteer, pas die natuur daar buite ook steeds aan.

Ja, binnekort sal die winter oorgaan in lente – die bewys van die onstuitbare gang van die lewe. Mag ons, nes die natuur, steeds die nodige innovering, moed en geesdrif aan die dag lê om te groei en aan te pas by een van die min dinge waarvan ons seker kan wees, naamlik verandering.

Lekker lees,

Marelize & Nelia



Redaksionele span: Nelia Engelbrecht en Marelize Santana, Louis Jacobs, Elmarie Cronje, Pheny Mokgothu, Pertunia Thulo, Kiewiet Scheppe, Annette Willemsse. **Vertaling:** Willie Cloete, Johan Zerwick. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Platinum Press. **Fotografie:** Macleaz Studios, Nelia Engelbrecht, Pertunia Thulo, Pheny Mokgothu, Kiewiet Scheppe, Annette Willemsse. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. Vir verdere navrae/korrespondensie: Nelia Engelbrecht – Tel (018) 299 4937 of Bussie 260. Eish! word deur die Korporatiewe Sake en Verhoudinge-departement van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht.



Die tema van die ITOU-funksie was die bou van 'n gemeenskap van praktyk in onderrig en leer. Teenwoordig by die geleentheid is van links prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Akademie, Potchefstroomkampus, prof Marlene Verhoef, Uitvoerende Adviseur: Strategie en Projekte, prof Jaco Fouché van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus en algehele wenner, mnr Dave Kawadza, Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus, dr Theuns Eloff, Visekanselier, prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus, me Veruschka Pelser-Carstens, Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoekkampus en prof Thanyani Mariba, Rektor: Vaaldriehoekkampus.

Uitnemende dosente beloon

Prof Jaco Fouché van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus het onlangs die nuut ingestelde Visekanselier-prestigetoekenning vir die beste NWU-dosent ontvang.

Dié prys – 'n wisseltrofee vir die algehele wenner van die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) – is tydens die bekroningsfunksie op 18 Maart 2011 in Potchefstroom deur dr Theuns Eloff, die Visekanselier, aan hom oorhandig.

Prof Jaco is een van die drie kampuswenners vir 2010, uit wie se geledere die algehele wenner gekies is.

Die ander kampuswenners is mnr Dave Kawadza van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus en me Veruschka Pelser-Carstens van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoekkampus.

ITOU is daarop gemik om akademiese personelede wat betrokke is by onderrig aan die NWU aan te moedig om hul onder- rigvaardighede te ontwikkel.

MEER TOEKENNINGS AS OOI

In 2010 het altesaam 46 akademiese institusionele onderrig-leertoekennings ontvang, teenoor die 36 van 2009.

Van die akademiese wat in 2010 toekennings ontvang het, was 32 van die Potchefstroomkampus en ses van die Vaaldriehoekkampus.

Die grootste toename in ontvangers van dié toekenning was op die Mafikengkampus, waar agt dosente in 2010 toekennings gekry het, teenoor drie in 2009.

DIÉ FAKULTEITE LOOP VOOR

Op Potchefstroom het die Fakulteit Opvoedingswetenskappe die meeste toekennings ontvang en op Vaaldriehoek het die Fakulteit Geesteswetenskappe en die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie kop aan kop geëindig met vier toekennings elk.

Ook op Mafikeng het twee fakulteite gelyk op geëindig met drie toekennings elk.

Dié fakulteite is die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie en die Fakulteit Handel en Administrasie.

Die totale getal deelnemers aan ITOU verteenwoordig net 4,6% van die totale getal akademiese aan die NWU.

“Dit dui daarop dat die standaard van dié kompetisie baie hoog is,” het dr Theuns Eloff tydens die funksie gesê.

Volgens hom vier ITOU die uitnemendheid én die wetenskap van onderrig-leer en mag dosente nooit ophou om meer te leer oor onderrig-leer nie.

“Die toename in navorsing mag ook nooit ten koste van onderrig-leer geskied nie – dié twee aktiwiteite moet mekaar aanvul,” het hy gesê.

Dr Muki Moeng, Institusionele Direkteur van Akademiese Ondersteuning en Ontwikkeling, het gesê die instelling van die Visekanseliersprys vir die algehele wenner snoer die drie kampusse van die NWU saam en wys watter uitnemendheid daar dwarsoor die Universiteit is.

As deel van die streng ITOU-evalueringsproses, kyk panele na die dosente se portefeuljes, studente-terugvoer, innovasie en uitnemendheid in kontakssessies en die aanwending van tegnologie in onderrig-leer.



Transformasie

Die woord 'transformasie' laat min mense onaangeraak. Sommige mense raak agterdogtig as hulle dit hoor, terwyl ander opgewonde raak. Eish! het die Visekanselier, dr Theuns Eloff, gevra wat die NWU se siening oor transformasie is.



V: Wat is transformasie?

A: Die internasionale gemeenskap interpreteer dit as die voortdurende aanpassing by vinnig veranderende eksterne omstandighede. In Suid-Afrika het dit ongelukkig 'n veel enger betekenis gekry – hier kom dit dikwels neer op koppetelling en ras.

Die NWU verkies die wyer siening van transformasie. Dit word gereflekteer in die nege transformasie-elemente wat die NWU-Raad verlede jaar geïdentifiseer het. (Sien tekskassie).

V: Waarom moet die NWU hoegenaamd aandag aan transformasie gee?

A: Verskeie wette verskaf riglyne oor transformasie, maar vir die NWU gaan dit om veel meer as 'n wetlike verpligting. As ons nie transformeer nie, sal ons verstar en tred verloor met ontwikkeling en vooruitgang.

V: Watter persoon en liggaam by die NWU is verantwoordelik om toe te sien dat die Universiteit sy teikens bereik?

A: Elkeen wat 'n taakooreenkoms by die NWU het, is verantwoordelik vir transformasie op die nege terreine wat ons geïdentifiseer het.

Daar is egter ook strukture wat op transformasie fokus. Die Transformasie-oorsigkomitee

van die Raad monitor die implementering van transformasie en die pas aangestelde Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteitsbestuur ondersteun die bestuurders wat transformasieprojekte bestuur.

V: Skryf die wet spesifieke teikens en doeldatums vir ons voor?

A: Nee, daar is slegs breë riglyne. Die ideologie van demografiese verteenwoordiging is egter onderliggend aan verskeie wette en daarvolgens moet jou getalle (studente en personeel) die land se rasse-groepe streng weerspieël.

V: Is dit haalbaar by die NWU?

A: Nee, dis nie haalbaar óf wenslik nie, want dit vernietig diversiteit. Ons wil die balans handhaaf tussen billikheid en toegang aan die een kant, en sukses, gehalte, uitnemendheid en innovasie aan die ander kant.

Omdat ons aan ware diversiteit glo, stel ons ons eie teikens ten opsigte van studente en personeel vir 2020. Ons is ook tans besig om die teikens vir studente en personeel met mekaar te belyn.

V: Beteken dit dat personeellede hul werk kan verloor sodat die NWU sy teikens kan bereik?

A: Beslis nie – ons personeel bly ons be-

langrikste bate. Ons sal die teikens behaal deur middel van bedankings en aftredes.

V: U het vroeër gepraat van diversiteit – hoe hou dit verband met transformasie?

A: Ons wil hê ons studente moet in 'n diverse omgewing studeer, sodat hulle voorbereid is om eendag in 'n diverse werksomgewing te funksioneer.

Om dit te kan bereik, moet ons die sogenaamde "draaipunt" in die getalle-verhouding tussen die bevolkingsgroepe in ag neem.

Die praktyk het bewys dat wanneer die persentasie van een bevolkingsgroep onder 'n bepaalde persentasiepunt daal, dit daarna baie vinnig afneem, totdat daar feitlik geen verteenwoordiging van daardie groep meer is nie.

Dit bring mee dat diversiteit verskraal en uiteindelik heeltemal kan verdwyn.

Transformasie-elemente

Die NWU-Raad het die volgende transformasie-elemente in 2010 geïdentifiseer:

- Toegang vir studente om aan die NWU te studeer
- Belyning (bv beleide, akademiese programme en klasgelde)
- Indiensnemingsgelykheid (personeel)
- Toenemende eenheid (bv strukture, simbole en institusionele kultuur)
- Kwaliteit van kernbesigheid (onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid)
- Regstelling (bv geboue, infrastruktuur en dienste)
- Hulpbrontoekenning (bv fondse en mensehulpbronne)
- Studente-ervaring (bv onderrig-leer, sport, kultuur en geriewe)
- Sukses (bv deurvloei-koerse, slaagsyfers, getal grade toegeken en navorsingsuitsette).

Teikens vir studente

Die NWU is tans besig om studente- en personeelteikens met mekaar te belyn. Hier is die studenteteikens vir 2020, met die huidige persentasies in hakies.

Kampus	Wit studente	Swart studente
Mafikeng	10% (1%)	90% (99%)
Potchefstroom	70% (76%)	30% (24%)
Vaaldriehoek	25% (31%)	75% (69%)
NWU-totaal	43% (49,1%)	57% (51,9%)

Bemagtiging is haar passie

Dr Ingrid Tufvesson is aangestel as Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteitsbestuur in die kantoor van die Visekanselier, en sal op 1 Junie 2011 met haar werksaamhede begin. Sy sal daarvoor verantwoordelik wees om te verseker dat die transformasieprojek aan die NWU vir die volgende drie jaar 'n strategiese fokus is. Eish! het met dr Ingrid gekorrespondeer om haar 'n bietjie beter te leer ken.

Die kwessie van gelykheid het dr Ingrid nog altyd na aan die hart gelê en sy was nog nooit bang om op te staan vir dit waarin sy glo en om te veg vir ander mense se regte nie.

"Ek het al oor heelwat lewenservaring beskik toe ek as volwasse student vir die eerste keer universiteit toe is. Ek was skaars 13 jaar oud toe ek in 1976 aan die studentebetogings in Bishop Lavis in Kaapstad deelgeneem het; dit was die begin van my lewenslange reis."

In 1994 het sy aangesluit by die Kaapstadse administratiewe en moniteringsafdeling van die eerste Onafhanklike Verkiesingskommissie, en in dié tyd is sy genooi om Swede te besoek. Daar is sy getroud en het sy begin studeer.

In 2002 het dr Ingrid haar meestersgraad in Sosiale Wetenskappe voltooi in die Skool vir Internasionale Migrasie en Etniese Verhoudinge aan die Universiteit van Lund en Malmö, Swede. In 2005 het sy haar PhD aan die Universiteit van Nieu-Suid-Wallis in Sydney, Australië, verwerf.

Dr Ingrid is tans 'n transformasiebeampte in die Fakulteit Handel aan die Universiteit van Kaapstad, en koshuismoeder vir 384 voorgraadse studente in Graça Machel Hall.

Sy is getroud met Jörgen, wat in Swede gebore en getoë is, en hulle het twee kinders, Rhys (26) en Joshua (15).

WAARNA SY DIE MEESTE UITSIEN...

Dr Ingrid beskou Suid-Afrika as hulle tuiste. "Hierdie land vervleg ons noodlot op onmiskenbare wyses, en ons ingewikkelde geskiedenis is 'n konstante metgesel in ons strewe na die vervulling van ons roeping."

Sy sien daarna uit om betrokke te raak by die universiteitsgemeenskap en glo dat dit belangrik is om sáám die faktore te konfronteer wat Suid-Afrikaners steeds daarvan weerhou om 'n werklik gelyke samelewing tot stand te bring.

"Ek is opgewonde om deel te wees van 'n bewuste, groeiende beweging aan die NWU wat saamwerk om die welsyn te verseker van almal wat deel is van die NWU en die universiteitsomgewing."

UITDAGINGS

Volgens dr Ingrid is een van haar grootste uitdagings om haarself vinnig as 'n gerespekteerde lid van die NWU-span te vestig.

Maar sy glo nie dat dit so besonder moeilik sal wees nie, want sy het reeds die gulheid van baie mense aan die NWU eerstehands beleef.

"Ander uitdagings is om deel te wees van 'n klein groepie vroue in die uitvoerende bestuur, om my vinnig te vergewis van die NWU-konteks, die regte balans te vind

tussen die eise van die Raad en die Bestuur, my Afrikaans te verbeter en Setswana te leer."

HAAR BOODSKAP AAN DIE NWU

"My boodskap aan die NWU is dat verandering in ons land nie 'n opsie is nie, maar 'n noodsaaklikheid. Enige beleid, praktyk of proses wat aan ons pynlike verlede herinner, kan nooit 'n kwessie van opinie wees nie en moet geïdentifiseer word omdat ons Grondwet en Handves van Regte dit so bepaal."

Dr Ingrid is 'n welkome toevoeging tot ons Universiteit. Haar passie om mense te bemagtig om te identifiseer waar verandering teëgestaan word en diversiteit nie verstaan word nie, sal onontbeerlik wees vir die suksesvolle transformasie van die NWU.

Dr Ingrid Tufvesson se gesin is haar hart en siel. Agter van links is haar man, Jörgen, met die vyfde lid van die gesin, Billy, die foksterriër, dr Ingrid en haar oudste seun, Rhys. Voor is haar jongste, Joshua.

Haar familie sal om praktiese redes nie saam met haar na Potchefstroom verhuis nie. Joshua is gelukkig by die hoërskool wat hy tans bywoon en sy wil hom nie graag ontwig nie. Hierbenewens is die pos wat sy sal beklee 'n driejaartermyn-pos.



NWU-kundiges **kén** hul storie

Universiteite het 'n sosiale verantwoordelikheid om hul kennis met die gemeenskap te deel. Die NWU-kundiges help om hierdie verantwoordelikheid na te kom deur kommentaar in die media of toesprake by belangrike geleenthede te lewer. Soos in die vorige uitgawe van Eish! deel ons graag weer daarvan met ons lesers.



// Werf en bemagtig die beste onderwystalent wat u kan vind, en help die knapste jong opvoeders om die skoolhoofde, regeringsampnare en beleidmakers van môre te word. Doen wat nodig is om jongmense te help om uitnemendheid te bereik."

Kgosi Leruo Molotlegi, NWU-Kanselier
Ingebruikneming: Lebone II, kollege van die Koninklike Bafokeng, 18 Maart 2011, Phokeng

// As ons werklik die waarde van die navorsing oor Positiewe Sosiale Wetenskappe begryp, word dit duidelik dat optimale menslike ontwikkeling die sleutel hou



om ontelbare ander uitdagings aan te spreek, byvoorbeeld die fasilitering van geluk, toenemende fokus op individuele sterktes en potensiaal, veerkragtigheid, voorspoed en selfs emosionele optimisme."

Prof Thanyani Mariba, Rektor: Vaaldriehoekskampus
Verwelkoming: Suid-Afrikaanse Simposium oor Positiewe Sosiale Wetenskappe, 14 April 2011, Vaaldriehoek.

“ Universiteite, wat op die kruispunt tussen die openbare, private en gemeenskapsektore funksioneer, kry verskeie geleenthede tot innovering, eksperimentering, leer en ontwikkeling. Ons betrokkenheid by die Nasionale Persklub se Nuusmaker van die Jaar-toekenningsaand is 'n duidelike bewys van ons teenwoordigheid by dié kruispunt.

Dr Theuns Eloff, NWU-Visekanselier Nasionale Persklub – Aon Suid-Afrika
Nuusmaker van die Jaar-funksie, 14 Maart 2011, Pretoria.



// Dit is belangrik dat die proses waardeur die jeug bemagtig word, nie bevooroordeel moet wees nie – alle jongmense moet daaraan kan deelneem. Net dan sal ons met sekerheid kan sê dat dit 'n sukses en 'n waardevolle instrument is om te verseker dat die jeug van vandag die effektiewe leiers van môre word."



Prof Herman van Schalkwyk, Rektor: Potchefstroomkampus
Afsluitingsdinee: South African Foundation of Economic and Financial Education (SAFEFE), 8 April 2011, Bloemfontein.

Bakteriële weerstandigheid – wat die gevolg is van onoordeelkundige gebruik van antibiotika – veroorsaak tans dat antibiotika toenemend oneffektief raak. Sogenaamde 'superbugs' kan nou muteer en hul DNA verander om hulle teen antibiotika te beskerm. Navorsing oor nuwe antibiotika word gekortwiek deur hoë koste en die vrees dat weerstandigheid 'n nuwe antibiotikum kan kelder nog voor die ontwikkelingskoste daarvan verhaal kan word.



Me Rina Meyer, Farmakologie, Potchefstroomkampus
Radio Sonder Grense (RSG), 15 April 2011.

Hulle woorde is goud werd

Is die akademië en die media vriende of vyande?

Dié vraag het ter sprake gekom tydens 'n spesiale geleentheid waar die NWU sy kundiges wat gereeld deur die media aangehaal word, bedank het vir die sowat R75 miljoen* se gratis publisiteit wat hulle in 2010 vir die instelling verdien het.

Tydens dié geleentheid op 24 Maart 2011 by die Institusionele Kantoor, het die gesoute ondersoekende joernalis, me Janine Lazarus, as gasspreker opgetree.

Sy het oor die verhouding tussen akademië en die media gepraat en waardevolle wenke gegee oor onderhoudvoering en die hantering van die media tydens radio-, TV- en ander media-optredes.

Me Janine Lazarus spog met 24 jaar se ondervinding as joernalis en is 'n senior fasiliteerder van die Suid-Afrikaanse Instituut vir die Bevordering van Joernalistiek.

**Die NWU maak gebruik van 'n monitoring-maatskappy wat die Universiteit se mediablootstelling dophou en geldwaarde daaraan heg.*



Verskeie personelede het 'n spesiale geleentheid vir NWU-kundiges wat gereeld in die media aangehaal word, bygewoon. Voor van links is prof Fika Janse van Rensburg, Dekaan: Fakulteit Teologie, Potchefstroomkampus, me Janine Lazarus, gasspreker tydens die geleentheid, en dr Theuns Eloff, Visekanselier. Agter van links is me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge, en mnr Theo Venter, spesiale adviseur in die kantoor van die Visekanselier.

So het die NWU gevaar

- In 2010 was 1 048 media-items positief en net 13 negatief.
- Buiten bogenoemde, was daar nog 2 316 items wat gebalanseerd was.
- Die verblyf van die Spaanse sokkerspan op die Potchefstroomkampus, die kommentaar van NWU-kundiges en die sportprestasies van die Universiteit het vir die meeste positiewe media-dekking gesorg.
- Negatiewe publisiteit het gevolg nadat prof Kader Asmal gesê het die Potchefstroomkampus is nie bereid om te transformeer nie, en nadat die Mafikengkampus bekend gemaak het dat hulle 'n koshuis na die voormalige leier van Bophuthatswana, dr Lucas Mangope, wou vernoem en 'n borsbeeld van hom wou onthul.

Hou die elektroniese kennisgewing, die @NWU, dop vir wenke oor onderhoudvoering.

MEDIADEKKING VIR 2010

Kundige	Besigheidseenheid	Frekwensie
Prof André Duvenhage	Akademikus, Sosiale Transformasie, Potchefstroomkampus	223
Mnr Theo Venter	Politieke analis, Institusionele Kantoor	119
Dr Theuns Eloff	NWU-Visekanselier	110
Prof Tommy du Plessis	Direkteur: Besigheidskool, Potchefstroomkampus	43
Mnr André Mellet	Akademikus, Ekonomie, Vaaldriehoekskampus	34
Prof Herman van Schalkwyk	Rektor, Potchefstroomkampus	27
Mnr Louis Jacobs	Mediawoordvoerder, Institusionele Kantoor	25
Prof Wannie Carstens	Direkteur: Skool vir Tale, Potchefstroomkampus	24
Prof Annette Combrink	Direkteur: Internasionale Skakeling, Institusionele Kantoor	22
Prof Marlene Verhoef	Uitvoerende Adviseur, Institusionele Kantoor	21

Borgskap moedig mediavryheid aan



Die NWU het opnuut sy verbintenisse tot mediavryheid in Suid-Afrika bevestig deur pryse vir uitnemende joernalistiek te borg.

Dié pryse is die Nasionale Persklub – Noordwes-Universiteit se Joernalis van die Jaar-toekenning wat die Noordwes-Universiteit vir die tweede agtereenvolgende jaar geborg het, en die Redakteur van die Jaar-toekenning wat die Universiteit vir die eerste keer geborg het.

Dié toekennings is op 14 Maart 2011 by die jaarlikse Nasionale Persklub – Aon Suid-Afrika Nuusmaker van die Jaar-funksie in Pretoria oorhandig.

Mnr Graeme Hosken van die *Pretoria News* is as die Joernalis van die Jaar 2010 aangewys en me Ferial Haffajee van *City Press* as Redakteur van die Jaar 2010.

Dr Theuns Eloff, Visekanselier, het tydens sy toespraak gesê die Universiteit het 'n langdurige betrokkenheid by die opleiding van joernaliste. Hy het ook die NWU se voortgesette borgskap van die prys vir Redakteur van die Jaar aangekondig.

“Ek hoop dit sal die media aanmoedig om die hoë standaarde van etiese joernalistiek en 'n voortdurende soeke na die waarheid te handhaaf,” het hy gesê.

Volgens die voorsitter van die Nasionale Persklub, mnr Yusuf Abramjee, is die toekennings daarop gemik om voortreflike joernalistiek en kommunikasie te bevorder en uitnemendheid te beloon.

Me Cornia Pretorius, 'n senior lektor in joernalistiek in die Skool vir Kommunikasie-studies op die Potchefstroomkampus, was een van die beoordelaars.

Cornia, 'n bekroonde joernalis, was vooreen Mederedakteur: Onderwys by die *Mail & Guardian* en redakteur van *The Teacher*.

Die NWU bied Kommunikasie-studies op al drie sy kampusse aan en het deur die jare talle joernaliste vir die bedryf gelewer.

Die Joernalis van die Jaar het 'n kontantprys van R10 000 gewen en die weners in die nege ander kategorieë het kontantpryse van R5 000 elk ontvang, ook geborg deur die NWU.

Die Redakteur van die Jaar het 'n luukse naweek-wegbreek ontvang.

Tydens die Nasionale Persklub se bekroningsfunksie is dr Danny Jordaan en mnr Sepp Blatter, albei van FIFA, gesamentlik as Nuusmakers van die Jaar vir 2010 aangewys. Hier is dr Theuns Eloff, Visekanselier (regs), by dr Jordaan tydens die funksie in Pretoria.

Wêreldbeker was groot nuus in 2010

Mnr Sepp Blatter, president van FIFA en dr Danny Jordaan, die hoofuitvoerende beampte van die plaaslike organiseringskomitee van FIFA, het gesamentlik die Nasionale Persklub se toekenning, Nuusmaker van die Jaar 2010, ontvang.

Die Wêreldbeker is sowat 20 700 keer in die gedrukte media in Suid-Afrika, 10 300 keer in die uitsaaimedia en 16 700 keer in die aanlynmedia genoem.

Dié syfers verteenwoordig boonop net die tydperk rondom die toernooi.



'n Nuwe deuntjie vir die NWU

Na aanleiding van terugvoer dat die huidige universiteitslied betekenisvol is, maar moeilik is om te sing, het die Institusionele Bestuur (IB) besluit om die lied te wysig.

Personeel en studente is uitgenooi om aan 'n aanlyn-meningsopname deel te neem en na die huidige lied en die voorgestelde, gewysigde lied te luister en te sê wat hulle daarvan dink.

Na aanleiding van oorweldigende positiewe reaksie vanaf studente en personeellede wat die voorgestelde hersiene lied verkies het, het die IB dit goedgekeur dat die hersiene weergawe van die universiteitslied die huidige amptelike lied, *Mmaarona*, moet vervang.


Die aanlyn-meningspeiling het 'n kompetisie ingesluit om deelname aan te moedig. Vier personeellede (een van elke besigheidseenheid) en drie studente (een van elke kampus) het elk R500 gewen.

Die voorgestelde universiteitslied is geskryf deur mnr Corneels Schabort en me Success Lekabe. Mnr Katlego Maboe was verantwoordelik vir die melodie en Flip-a-coin het dit verwerk. Die lied sal egter nie net soos dit nou is in gebruik geneem word nie.

'n Taakspan is byeengeroep om toesig te hou oor die finalisering van die lied en 'n plan om die hersiene lied bekend te stel. Eish! sal later meer hieroor berig.


Altesaam 1 266 respondente het aan die aanlynmeningsopname deelgeneem, waarvan 36% personeel en 64% studente was.

- **NWU-studente 806**
- **Personeellede 460**



Uit die totale getal respondente het 73% aangedui dat hulle die voorgestelde hersiene weergawe verkies, terwyl 27% ten gunste van die huidige lied was.

- **Huidige universiteitslied 337**
- **Voorgestelde, gewysigde universiteitslied 929**



Mmaarona is vir die eerste keer deur die NWU-koor op 14 April 2004 tydens die inhuldiging van die Kanselier en Visekanselier gesing.


Die lied is as een van die nuwe simbole van eenheid vir die saamgesmelte

Noordwes-Universiteit deur prof Awie van Wyk gekomponeer. Die lirieke is deur prof Hein Viljoen, in samewerking met mnr Tshwaro Abram Pule, me Vera Motsilanyane en me Thersio Tsambo van die Mafikengkampus geskryf. Hulp en advies rakende die Setswana is van dr

Kompetisiewenners



INSTITUSIONELE KANTOOR
Personeellid:
Mnr Zaan Strydom




MAFIKENGKAMPUS

Personeellid: Mnr Johannes Sebolai (links)
Student: Me Angel Xoliswa




POTCHEFSTROOMKAMPUS

Personeellid: Mnr Pieter van der Zwan (links)
Student: Mnr Phillip Boonzaaier



VAALDRIFHOEKKAMPUS

Personeellid: Mnr Lebohang Mokoena (links)
Student: Me Irene Muller



Verder het 70% respondente gereken die voorgestelde hersiene lied is goed, 25% het dit as gemiddeld beskou, en net 5% het gedink dit was swak.

Rigardt Pretorius, mnr Johan Zerwick, dr Maria Letsie en me Karien Brits ontvang.

Prof Awie en prof Hein Louw was verantwoordelik vir die musiek, terwyl mnr Pieter de Bruin vir die ontwikkeling en orkestrasie gesorg het.

Haar koninklike erfenis skemer deur

In ons reeks oor die dekane aan die NWU, het Eish! met prof Mashudu Maselesele, dekaan van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie op die Mafikengkampus gepraat. Sy het ons meer vertel oor haar agtergrond, haar Fakulteit en haar drome vir die toekoms.

Prof Mashudu Maselesele, 'n Venda-prinses van die Davhana-dinastie, regeer nou wel nie oor 'n koninkryk nie, maar sy lei die Mafikengkampus se Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie met groot grasia.

As een van sewe kinders van wyle mnr David Mavhuthu Kingi Davhana, tradisionele leier van die Balanganani-dorpie in die Limpopoprovinsie en lid van die Parlement, het sy reeds in haar vroeë kinderjare geleer wat die waarde van 'n goeie opvoeding is.

KENNIS INWIN

Prof Mashudu het haar studies begin aan die voormalige Venda Nursing College (tans die Thohoyandou-kampus van die Universiteit van Venda), waar sy verskeie kwalifikasies in Verpleegkunde verwerf het.

Sy het ook by verskeie ander instellings in Suid-Afrika en in die buiteland studeer.

Vandag spog sy met kwalifikasies soos 'n meestersgraad in Verpleegkundeonderrig (Unisa), 'n Gevorderde Diploma in Internasionale Navorsingsetiek (Universiteit van Kaapstad), en 'n doktorsgraad verwerf aan die voormalige RAU, nou die Universiteit van Johannesburg.

Haar postdoktorale studies oor die trauma verbonde aan geslagsgebaseerde geweld het haar na die Universiteit van Kalifornië in Los Angeles gelei, waar sy met 'n Fogarty-beurs studeer het.

WAT 'N SEËN

Prof Mashudu is sedert Desember 2007 aan die Mafikengkampus verbonde, en was vir die eerste agt maande 'n medeprofessor in die Departement Verpleegkunde.

In 2008 het sy vir agt maande as Dekaan waargeneem, voor sy in 2009 as Dekaan van die Fakulteit aangestel is. Sy is onlangs tot volle professor bevorder.

“Dit is 'n seën om met my span hoogs toegewyde personelede te kan saamwerk. Dit laat my uitsien na elke nuwe dag op kantoor,” sê sy.

Vandat sy dekaan geword het, het die Fakulteit in verskeie opsigte gegroei.

Die navorsingsuitset het toegeneem vanaf ses eenhede in 2007 tot 33,25 in 2010, en die aantal akademiese personeel het in so 'n mate toegeneem dat 51% van die akademië in die Fakulteit nou PhD's het.

Die Fakulteit se eerste nisarea, Voedselveiligheid en -sekuriteit, is ook onlangs goedgekeur.

Die Fakulteit fokus egter nie net op navorsing nie, maar ook op onderrig-leer. Dit blyk duidelik uit die feit dat die Fakulteit se akademië ywerige deelnemers is aan die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU) en die kampustoekeening reeds twee opeenvolgende jare gewen het.

Nóg 'n prestasie van die Fakulteit is 'n R18,5 m-toekenning van die Atlantic Philantropies vir die Departement Verpleegkunde.

Dié fondse sal gebruik word vir die ontwikkeling van kapasiteit vir navorsing en vir die implementering van onderrigstrategieë.

En die Fakulteit se grootste uitdaging?

“Dit is moeilik om wetenskapstudente te werf, want hulle het dikwels nie geld om

vir hul studies te betaal nie. Ongelukkig kan die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente nie befondsing vir almal verskaf nie.”

Kapasiteitsontwikkeling en die mentor van jong, opkomende akademië is nóg 'n uitdaging.

“Die akademiese wêreld kan soms baie nydig wees, wat dit moeilik maak om te groei sonder 'n toegewyde mentor se aanmoediging en ondersteuning.”

'N BLINK TOEKOMS

Prof Mashudu het groot drome vir die Fakulteit. “Ek sal graag wil sien dat die Fakulteit professionele wetenskapprogramme aanbied, en terselfdertyd in die behoeftes van die land voorsien.

“Dit is realistiese drome. Die Fakulteit bestaan uit akademië wat oor wyd uiteenlopende kundigheid beskik en ek glo dat ons sterker word as ons kan saamstaan in ons diversiteit. Hou hierdie ruimte dop!”

'N HEGTE GESIN

Prof Mashudu se gesinslewe is vir haar baie belangrik.

“Te midde van my besige program maak ek tyd vir my drie wonderlike kinders: Vhuhwavho, Munyadziwa en Rotondwa. Hulle gee my moed om elke dag die uitdaging van die lewe aan te pak. Ek is so dankbaar vir my gesin.”

Prof Mashudu glo daaraan om 'n positiewe uitkyk op die lewe te hê.

“Ek voel altyd versterk as ek nadink oor my lewe – en ek is ewig dankbaar teenoor God,” sê sy.

Vroue in wetenskap

Hoewel vroulike wetenskaplikes oor die afgelope klompie dekades hul merk gemaak het, bestaan daar steeds in baie gemeenskappe die algemene wanopvatting dat die wêreld van chemikalieë en syfers eerder 'n plek vir mans is.

Dit is wat prof Mashudu oor die onderwerp te sê het:

“Ongelukkig was daar nog altyd allerlei mites oor vroue in die wetenskap. Party mense glo dat wetenskap moeilik is – en daarom te moeilik vir vroue om te bemeester. In die verlede het mense selfs geglo dit is geldmors om 'n meisie te laat leer, omdat sy “in elk geval eendag gaan trou”.

“Mites soos hierdie het gelei tot die huidige situasie waar daar nie genoeg vroue in die wetenskap is nie. Om hierdie ongelukkige situasie te verander, is dit nodig om wetenskap te demistifiseer en jong vroue aan te moedig om dit as 'n wonderlike loopbaangeleentheid te beskou.

“Ons moet vroue aanmoedig om te bewys dat hulle ten minste net so bevoeg soos hul manlike eweknieë is. Ongelukkig is dit so

dat vroue dikwels dubbel so hard soos mans moet werk om hulself te bewys.

“Dalk lê die oplossing daarin om vroeg te begin – om hoërskoolleerders aan te moedig om die regte vakkeuses te maak wat hulle toelating sal gee tot wetenskapprogramme.

“Ongelukkig word hoërskoolleerlinge dikwels aangemoedig om vakke soos Wiskundige Geletterdheid te kies sodat die skool aan die einde van die jaar 'n goeie slaagsyfer kan hê. Dit kan dalk deels toegeskryf word aan die feit dat skoolhoofde onder druk is om goeie resultate te verseker.

“Ten spyte van hierdie uitdagings moet ons seker maak dat ons die nodige loopbaanvoorgelting op 'n vroeë stadium verskaf – verkieslik terwyl die leerders nog in Graad 10 is.”

Prof Mashudu se gunsteling:

Gunstelingereg: Ek verkies tradisionele geregte soos Mashonzha (mopaniwurms) en inheemse groente.

Gunstelingfilm: Die film *Invictus* het my diep laat nadink oor my lewe. Dit leer my om nie fout te vind en vinger te wys na ander mense nie.

Dit verstom my van mense: Mense se veerkragtigheid – teen alle verwagtinge in gaan hulle steeds voort met hul lewens en ontwikkel hulle positiewe maniere waarop hulle hul omstandighede kan hanteer.

Ontspanning: Ek bring baie tyd in die kerk deur om my menswees te ontwikkel. Ek hou ook daarvan om in my tuin te werk, veral om rose te snoei – ek hou baie van blomme.

My lekkerste vakansie nóg: Die tyd wat ek in 2009 saam met my gesin in Kalifornië deurgebring het, was die lekkerste ooit. Ek het nog altyd gedink ek ken my kinders, maar gedurende dié vakansie het ek besef daar is nog heelwat om te ontdek.





Mnr Peter Vusumusi Manzana is die nuwe stasiebestuurder van die radiostasie op die Mafikengkampus, NWU FM.

Stasiebestuurder aangestel by NWU FM

NWU FM, die Mafikengkampus se splinter-nuwe radiostasie, het mnr Peter Vusumusi Manzana as stasiebestuurder aangestel.

Die Onafhanklike Uitsaaioowerheid van Suid-Afrika (ICASA) het 'n laevermoë-uitsaailisensie vir die Kampus goedgekeur. Die stasie sal op die 105.5 FM-frekwensie uitsaai, wat Mafikeng en die omliggende streke sal dek.

Peter is 'n gewilde radiopersoonlikheid en het reeds heelwat ervaring in die uitsaai-omgewing. Hy was 'n aanbieder by Radio Mmabatho en later by Motswedding FM, waar hy 'n wye verskeidenheid programme vervaardig het. Hy het ook by Mmabatho én Motswedding FM kletsprogramme oor onderwerpe van nasionale belang aangebied.

Peter V, soos wat hy soms genoem word, is al vyf keer deur die bestuur en luisteraars van beide stasies as die aanbieder van die jaar aangewys. Hy was ook een van die eerste aanbieders van North West FM, waar hy verantwoordelik was vir hul gewilde "Morning Drive Show".

Peter sal verantwoordelik wees vir die dag-tot-dag-bedrywighede van die stasie en is opgewonde oor sy nuwe posisie. "Ons gaan die beste moontlike vermaak aan die Kampus bied. Dis ook 'n geleentheid om talentvolle jongmense vir die elektro-niese media-bedryf op te lei en te ontwikkel."

Nuwe afrigter vir Sokkerinstituut

Die Sokkerinstituut het mnr Augustine "Mthakathi" Makalakalane, 'n voormalige Bafana Bafana-speler en hoofafrigter van Suid-Afrika se Nasionale Senior Vrouespan, Banyana Banyana, as nuwe afrigter aangestel.

Augustine is 'n kenner van die spel en beskik oor uitgebreide ervaring en al die regte kwalifikasies.

Hy het sy debuut in Julie 1992 teen Kameroen gemaak en daarna nog 14 keer vir Bafana Bafana uitgedraf. In 1996 was Augustine deel van die span wat die Afrikanasies-beker huis toe gebring het.

Mthakhathi, soos hy ook bekendstaan, beskik oor kwalifikasies in Sportwetenskap en onderwys. Hy het ook diplomas in Sportbestuur en "International Preliminary Coaching". Dit sluit in 'n kursus in doelwagterafrigting, asook FIFA se hoogste afrigtingskwalifikasie, naamlik FUTURO I, II en III.

Hy was hoofafrigter by die Vaal Universiteit van Tegnologie en die Universiteit van Johannesburg, sowel as die afrigtingsinstrukteur vir SAFA-afrigtingsopleiding.

Hy was ook al 'n talentsoeker vir senior nasionale spanne en het hulle vir kompetisies voorberei.



Mnr Augustine Makalakalane is die Sokkerinstituut se nuwe afrigter.

Departement Ontwikkelingstudies werk saam met Noordwes-regering

Die Kampusrektor, prof Dan Kgwadi, het 'n samewerkings-ooreenkoms onderteken met mnr Modisha Lucas Malaka, hoof van die Noordwesprovinsie se Departement Maatskaplike Ontwikkeling, Kinders, Vroue en Mense met Gestremdhede (DMOKVMG).

Die Departement Ontwikkelingstudies in die Skool vir Sosiale Wetenskappe in die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe gaan gevolglik 'n ses maande lange sertifikaatprogram in Jeug- en Gemeenskapsontwikkeling vir die DMOKVMG se Masupatsela Youth Pioneers aanbied.

Die program sal kandidate toerus met hulpmiddels vir gemeenskapsontwik-

keling, en sal bestaan uit kursuswerk en praktiese klasse.

Die program is op NKR-vlak 5 geakkrediteer en sal na verwagting ongeveer R5,2 miljoen se derdegeldstroominkomste vir die Universiteit genereer.

Deelnemers wat die kursus suksesvol voltooi, kan na die tyd in diens geneem word as assistentontwikkelingspraktisyns.

Op Vrydag 8 April 2011 het die Departement Ontwikkelingstudies en DMOKVMG 'n gesamentlike openingseremonie en oriënteringssessie vir 350 Masupatsela Youth Pioneers aangebied. By dié geleentheid het mnr Malaka en die waarnemende direkteur van die Skool vir Sosiale Wetenskappe, dr Marilyn Setlentoa, die deelnemers toegesprek.



Prof Esté Vorster van die Potchefstroom-kampus is al die afgelope 14 jaar betrokke by die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) op voedingsgebied.

Prof Esté loop voor in voeding

Prof Esté Vorster, 'n topnavorsers in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus, is onlangs as sekretarisgeneraal van die *Academy of Science of South Africa* (ASSAf) benoem.

Prof Esté, 'n vorige direkteur van die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding op die Kampus, is een van die handvol uitgesoekte akademici in die land wat op die raad van ASSAf dien.

ASSAf is Suid-Afrika se amptelike Nasionale Akademie vir Wetenskap en verteenwoordig die land in die internasionale gemeenskap van wetenskap-akademies.

Sy dien tans op die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) se voedingsadviesgroep wat riglyne moet saamstel vir die voorkoming van voedingsverwante kroniese siektes.

Sy het vir die WGO 'n handleiding geskryf hoe om dieet-riglyne in verskillende lande te ontwikkel en dit word tans wêreldwyd gebruik.

Sy is ook deur die *National Planning Commission* uit die Staatspresident se kantoor genader om as kenner van voedsel- en voedingsekuriteit in Suid-Afrika advies te gee oor die langtermynbeplanning van voedingbeleid.

Prof Attie se Koepelkalenders word versamelstukke

Prof Attie Gerber, 'n dosent in dokumentêre video en foto-joernalistiek op die Potchefstroomkampus, kry die afgelope vyf jaar opdrag van die Noordwes-provinsie om 'n glansryke kalender oor die Vredefort-koepel en sy omgewing saam te stel.

"Ek neem foto's oor al vier die seisoene, as die son skyn, as dit bewolk is, en ek probeer om onvoorspelbare natuur-gebeure soos vloede en brande te dokumenteer," sê hy.

Sy foto-argief oor die Vredefort-koepel bestaan uit meer as 30 000 foto's, wat jaarliks met nog 'n paar duisend

groeï, maar hy ag bitter min as goed genoeg om in sy kalenders oor hierdie wêrelderfenisgebied te verskyn.

Prof Attie werk die afgelope 13 jaar pal in die Koepel, hetsy as videoervaardiger of as fotograaf.

Hy het al verskeie dokumentêre video's vir 50/50 oor die Koepel gemaak, asook 'n inligtingsvideo wat by die inligtingskantoor op Venterskroon vir toeriste gewys word.

Sedert die eerste kalender in 2007 verskyn het, het die gewildheid jaarliks toegeneem. Vandag is 'n Gerber-Koepelkalender 'n versamelstuk.



Net-net betyds. As prof Attie net vyf minute laat was, sou hy nie hierdie foto in November 2009 kon neem nie.

NWU gaan Davisbeker aanbied

Die Euro/Afrika-Groep 1-Davisbeker-kompetisie tussen Suid-Afrika en Nederland gaan vanaf Vrydag 8 Julie tot Sondag 10 Julie 2011 in Potchefstroom op die NWU se sportterrein aangebied word.

Potchefstroomkampus het verlede jaar gasheer gespeel vir Spanje, die Sokker-wêreldbekerkampioene, en beskik oor uitstekende sportfasiliteite.

Twee internasionale junior tennistoernooie is ook reeds in Potchefstroom aangebied by die Riaan Venter Tennisakademie, wat

op die Kampus geleë is. Dit is grotendeels te danke aan die sukses van hierdie toernooie dat die Suid-Afrikaanse Tennisvereniging besluit het om ook die Davisbeker hier aan te bied.

"Ons het Potchefstroom gekies omdat ons internasionale tennis na kleiner plekkies in Suid-Afrika wil bring, maar terselfdertyd moet ag slaan op die spelers se wens om hoog bo seevlak te speel," verduidelik mnr Ian Smith, SATA se Hoof- Uitvoerende Beampte. "Potch was nog altyd baie goed vir tennis, en ons weet ons kan reken op die NWU se ondersteuning."



Verskeie personeel van die Skool vir Inligtingstegnologie het 'n robotkunde-demonstrasie meegemaak. Van links is prof Phillip Pretorius, Skooldirekteur, mnr Pieter Pretorius en me Zelda Pretorius van TCR Robotics, me Suné van der Linde en me Malie Zeeman.

Robotte help met probleemoplossing

As jy gedink het robotte en tegnologiese kontrepsies is slegs bedoel vir ingenieurs en uitvindings, dink weer!

Personeel verbonde aan die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie op die Vaaldriehoekskampus het onlangs eerstehands uitgevind hoe robotkunde (robotika) bydra tot die ontwikkeling van noodsaaklike probleemoplossingsvaardighede.

'n Afvaardiging van *Trophy Computers and Robotics* (TCR Robotics) het die Skool vir Inligtingstegnologie besoek en personeel het die geleentheid gehad om hulself deeglik te vergewis van onder meer die voordele verbonde aan robotkunde.

Dié voordele sluit in die ontwikkeling van kreatiewe en kritiese denkvaardighede, probleemoplossing, konseptuele denkvaardighede en verhoogde belangstelling in Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie (die sogenaamde SET-vaardighede).

Nog 'n aspek van robotkunde wat groot aftrek geniet het, is die moontlikheid van samewerkende navorsing – veral met die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus.

“Die ontwikkeling van IT-sagteware fokus direk op die produksie sowel as die meganika van die robotte en daarom sal navorsing oor verskillende vakgroepe gedoen kan word,” verduidelik me Malie Zeeman, 'n dosent verbonde aan die Skool.

Byt jy hoegenaamd hieraan?

Elke jaar op 1 April doen allerlei April-grappies die rondte. Ons deel graag die volgende “ontdekking” met ons lesers.

Mnr Jamie Tredoux, 'n tweedejaarstudent, het onlangs 'n eienaardige en tot nóg toe onbekende visspesie met mensagtige tande

in een van die damme agter Gebou 6 op die Vaaldriehoekskampus ontdek.

Prof Lirpa Xaoh, 'n wêreldbekende bioloog van die Universiteit van KwaZulu-Natal, besoek tans die Kampus om meer oor die vis te wete te kom. Volgens prof Lirpa sal dié

Hulp is nou net 'n oproep ver


Die Kampus se IT-diens sal voortaan lesinglokaal-ondersteuning bied en kortmette maak met enige tegnologiese probleme gedurende klastyd.

Volgens me Aldine Oosthuyzen, IT-Bestuurder, is hierdie hulplyn (x3326) genoodsaak na verskeie klagtes deur ongelukkige dosente ontvang is.

Dit plaas dosente nou in direkte verbinding met kundige en opgeleide tegnisi.

Die 16 nagraadse studente wat die diens beman, moet sorg dat alle werkstasies in 'n werkende toestand is, dat dataprojektors korrek opgestel word en dat die beskikbaarheid en toestand van alle toerusting minstens tweekeer per week nagegaan word.

Die diens is beskikbaar van Maandae tot Vrydae vanaf 07:25 tot 19:30. Skakel me Didi Letsie by 072 632 6846 vir meer inligting hieroor.



amper toevallige ontdekking van “Smiley” 'n wesenlike impak hê op die mariene biologie in Suid-Afrika, en selfs op die Afrikakontinent.

Vir die duur van die navorsing is alle visvang-aktiwiteite op die Kampus ingeperk en is studente versoek om weg te bly van die damme agter Gebou 6.

Tolke voorkom 'n Babelse verwarring

Veeltalige omgewings hoef nie plekke van Babelse verwarring te wees waar mense mekaar nie behoorlik kan verstaan nie.

Dit het die NWU reeds in 2004 besef toe die idee van 'n opvoedkundige tolkdien hier die lig gesien het.

Vandag kombineer die Universiteit die voordele van moderne tegnologie – soos Sennheiser se hoëgehalte-tolktoerusting – en die kundigheid van altesaam 64 tolke om dit vir talle NWU-studente moontlik te maak om hul lesings in die taal waarmee hulle die vaardigste is, te kan ontvang.

Tolkdienste word sentraal vanuit die Institusionele Kantoor bestuur en befonds. Die tolke is ook in diens van dié besigheidseenheid.

Die volgende feite illustreer die omvangrykheid en voortdurende groei van tolkdienste by die Universiteit:

- Die NWU is Sennheiser – 'n Duitse verskaffer van tolktoerusting – se grootste Suid-Afrikaanse klant.
- Die kopstukke, wat deel van die Sennheiser-tolktoerusting is, word nie minder nie as 7 732 keer per week by die Universiteit gebruik.
- Een tas met twintig kopstukke en 'n mikrofoon kos sowat R98 000.



Mnr. Andreas Bach (links) en mnr. Uwe Marks (regs) van die Duitse verskaffer van tolktoerusting, Sennheiser, het die NWU onlangs besoek. Hier hanteer dr. Theuns Eloff, Visekanselier, van die toptegnologie-toerusting wat in Wennebostel, naby Hannover vervaardig word.

Die NWU het altesaam 65 tasse, waarvan 45 op die Potchefstroomkampus, ses op die Vaaldriehoekkampus en een op die Mafikengkampus gebruik word.

Nog ses tasse word vir tolking by die Landboukollege en sewe by die President Pretorius-laerskool in Potchefstroom gebruik. Dit bring die totale vervangingswaarde van hierdie bate op ongeveer R6 400 000 te staan.

- Die hoofdiens word op die Potchefstroomkampus gelewer, waar sowat 30% van alle modules reeds getolk word. Die getal modules het hier van 136 in 2009 na 328 in 2011 gegroei (141%). Die grootste rede vir die tolking op dié hoofsaaklik Afrikaanssprekende

kampus is om toegang vir nie-Afrikaanssprekendes in sekere rigtings moontlik te maak.

- Tolkdienste word ook op die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus in bepaalde modules gelewer.
- Behalwe vir tolking op die kampusse, word dienste ook gelewer by die Potchefstroomse Landboukollege, die Grootfontein-landboukollege in Middelburg (Oos-Kaap), by Central Primary in Potchefstroom, en by Hoërskool Frikkie Meyer in Thabazimbi.

Twee loodsprojekte is ook onlangs by die Universiteite van Stellenbosch en Pretoria begin.

Gebaretaal is nou 'n taalkursus

Studente kan van vanjaar af 'n eerstejaarkursus in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) in die Skool vir Tale op die Potchefstroomkampus neem.

Volgens mnr. Johan Blaauw, Hoof: Taalbestuursdienste, is dié kursus 'n taalkursus soos Frans of Setswana en is dit gemik

op studente wat die taal wil aanleer vir kommunikasiedoeleindes.

Voltydse of geleentheidstudente kan vir die kursus inskryf en indien dit lewensvatbaar is, sal dit mettertyd uitgebrei word na 'n tweede en 'n derde jaar. Suid-Afrikaanse Gebaretaal is die moedertaal van sowat

500 000 dowes in Suid-Afrika. Die verskillende gebaretaal is landsgebonde. Ten spyte van onderlinge ooreenkomste, byvoorbeeld wat konstruksie en basiese linguistiek betref, verskil die gebare en hul betekenisse.

Hou die volgende Eish! dop vir meer inligting hieroor.

Die wêreld word klein

As uitvloeisel van die moderne tegnologie en die fokus op internasionalisering, het die wêreld 'n globale dorpie geword waar mense dikwels en maklik kontak met mekaar het.

Ook die NWU fokus op die smee van bande met hoëronderrysinstellings wêreldwyd.

Prof Annette Combrink, Direkteur: Internasionale Skakeling by die NWU se Institusionele Kantoor, sê die Universiteit het baie internasionale verkeer, maar nog nie naastenby genoeg formele ooreenkomste nie.

“Sedert ek in 2010 formeel hierby betrokke geraak het, het ons 15 nuwe ooreenkomste bygekry. Ons is egter nog ver agter universiteite soos die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van die Witwatersrand.”



Prof Annette Combrink, Institusionele Direkteur: Internasionale Skakeling, saam met me Thilor Manikam, hooforganiseerder van IEASA. Die hoofdoel van dié organisasie is om internasionalisering en globalisering van hoër onderwys te bevorder.

Prof Annette is lid van die Bestuursraad van die *International Education Association of South Africa* (IEASA).

Die NWU het onlangs as gasheer opgetree vir IEASA se Bestuursraad- en Direkteursforum-vergaderings.

Dit baat beslis om die fluitjie te blaas

Danksy ‘fluitjieblasers’ wat ongerymdhede by die NWU aangemeld het, het Interne Oudit verlede jaar 24 sake – met ‘n totale geldwaarde van byna R1,5 miljoen – ondersoek.

“Dié berekening is eintlik nog konserwatief,” sê me Madelein van der Merwe, Institusionele Direkteur: Interne Oudit.

“Die bedrag behoort nog hoër te wees as ‘n mens in ag neem dat ons in sekere gevalle nog nie finaal kon bereken wat die totale geldwaarde beloop nie. Soms is dit ook nie moontlik om hoegenaamd ‘n geldwaarde aan die oortreding te koppel nie, byvoorbeeld by die misbruik van die universiteit se geriewe,” sê sy.

VOORKOMING IS BETER

Vir Madelein is voorkoming egter baie beter as genesing.

“Dit is elke bestuurder en personeellid se verantwoordelikheid om ‘n effektiewe kontrole-omgewing te skep, want om die geld na die tyd te verhaal, is baie moeiliker,” sê sy.

Dit duur soms maande om ‘n ondersoek te finaliseer en aan die polisie te oorhandig, en dan nog ‘n paar maande om die sake op die rol te kry voor die saak uiteindelik verhoor kan word. Alle sake met ‘n geldwaarde hoër as R500 moet volgens NWU-beleid by die polisie aangemeld word.

MELD STEEDS AAN

Madelein moedig personeel aan om ongerymdhede aan te meld.

“Personeel kan anoniem bly as hulle wil, maar indien hulle hul name bekend maak, kan hulle gerus wees dat Interne Oudit hul identiteit sal beskerm.”

Madelein sê dis vir hulle voordelig as hulle weet wie die saak aangemeld het, want dan kan hulle makliker bykomende inligting vra en terugvoer gee oor die vordering van die ondersoek.

Interne Oudit teken alle aanmeldings formeel aan, volg dit op en indien die saak meriete het, brei hulle die ondersoek uit. Alle wesenlike sake word aan die Oudit, Risiko en Nakomingskomitee gerapporteer.

VOLTOOI DIE VORM

Die prosedure vir aanmelding word uiteengesit in die NWU se beleid* oor die rapportering van wanadministrasie en ongerymdhede en die beskerming van openbaarmaking.

“Personeel kan die vorm voltooi wat aangegheg is by die beleid en dit in een van die aanmeldingsbussies gooi. Dié bussies is by die kampusse se administratiewe geboue en die Institusionele Kantoor se C1-gebou geleë. Personeel kan my ook bel of kom spreek.”

**Die beleid is op die NWU-webwerf beskikbaar onder Bestuur en Korporatiewe Bestuur.*